16 Januarie 2011

**GOD WIL ONS BESWIL**

Matteus 6:9-13

Ons staan **aan die begin** van 'n nuwe, onbekende jaar. Ons kan verwag dat hierdie jaar ook weer sy kwota geleenthede en teleurstellings, uitdagings en probleme, vreugdes en hartseer sal oplewer. Hierdie vooruitsig kan jou bang of opgewonde, kalm of wanhopig laat voel. Hoe maak 'n mens met **soveel onsekerheid**?
**Betsie ten Boom**: *"Ons enigste veiligheid lê in die sentrum van God se wil."*
Daarom is dit die **heel beste** om die jaar en trouens elke dag te begin met die gebed wat Jesus ons leer bid het: *"Ons Vader ... laat U wil geskied!"*

**1. ALLES IS NIE GOD SE WIL NIE**
Dit sê al dadelik vir ons dat **nie alles** wat gebeur, is God se wil nie. Miskien sê ons soms te gou "dit was/is God se wil" en dan is dit dalk totaal in stryd met Sy wil. Die **mens** en die **Bose** het ook 'n wil en dit staan soms lynreg teenoor God s'n. Verder leef ons in 'n gebroke werklikheid waar die wêreld nie meer is soos wat God dit bedoel het nie (siektes, natuurrampe ens.). As alles wat gebeur nou maar *vanselfsprekend* God se wil was, dan was hierdie gebed nie nodig nie!

**2. JESUS LEEF VOLKOME BINNE GODS WIL**
Jesus is vir ons die **volmaakte voorbeeld** van iemand wat die wil van God **voorop** gestel het. *"My voedsel is om die wil te doen van Hom wat my gestuur het.."* (Joh 4:34) *"... my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat my gestuur het."* (5:30) *"Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie maar die wil van Hom wat My gestuur het."* (6:38) *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by my verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."* (Matt 26:39) *"My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied."* (:42) **Jesus wou altyd seker maak** Hy is "*in die sentrum van God se wil*". **<u>Hoe belangrik is dit vir jou en my</u>?** Bid ons: *"Laat U wil geskied?"* of *"Laat MY wil geskied"*? Probeer ons God na ons kant toe **oorhaal**, of probeer ons vasstel wat Sy wil is sodat Hy vir ONS kan oorhaal?

**3. ONS BID DIT NIE ALTYD SO MAKLIK**
Dit is natuurlik **nie altyd so maklik** om hierdie gebed te bid nie, veral wanneer jy iets BAIE graag wil hê of sien gebeur. Jy het al **klaar jou hart** daarop gesit en nou moet die Here nog net *"teken"*.
**Voorbeeld:** "Here, u moet vir ons reën stuur, want plant en dier en mens vergaan. Wag net eers tot na Saterdag se rugby. En moenie dat dit te lank aanhou nie, want dan oorstroom die plakkershuise weer. En dis beter as dit snags reën, want dan is daar nie so baie verkeer op die paaie nie. Moet ook nie dat dit te wyd val nie, want die sagtevrugteboere wil nie nou reën hê nie."
Op die manier bid ons al lankal nie meer *"laat U wil geskied"* nie, nee: Dis eerder 'n geval van *"laat MY wil geskied*. Ons gee die **planne**, voer U dit net vir ons uit."
**Adam** het ook gedink hy weet beter as God wat vir hom die beste is. Die mens is meer geneig om te bid *"laat U wil <u>verander</u> word"* as *"laat U wil geskied"*. Die Here

Jesus het **bloed gesweet in Getsemane**, maar was aan die einde tog bereid om Hom neer te lê by God se wil.
Jy sê miskien jy doen dit ook, maar **HOE doen jy dit**: met 'n **sug** *("Ag, wat sal dit nou help om te kla?")*; of met **bitterheid** *("'n Mens moet nou maar eenmaal berus, want watter kans het jy teen God, maar hoe KON Hy?")* Jy voel jou dus **hulpeloos uitgelewer** aan 'n Opperwese.

**4. ONS BID TOT ONS VADER**
Dit is egter 'n **ander saak** wanneer jy daardie Opperwese ken en aanroep as *"Ons Vader wat in die hemel is"*. Dit is hoedat Jesus die gebed begin. Hierdie Vader **begeer net die beste** vir sy kinders. Daarom **belowe** Hy ook teen die einde van dieselfde hoofstuk: *"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek nie? Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en die WIL van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."* (:31-33). Dit is nie dat wat ons nodig het, nie vir Hom ook belangrik is nie.
In Lukas 11 volg daar na die gebed die woorde: *"Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer!..."* (:11-13)
Ons kan dus ons Vader **vertrou:** Sy WIL is altyd tot ons BESWIL. Ons sien maar 'n klein deeltjie van die l**egkaart** – Hy sien die volle prent, tot anderkant die graf.

***Ek is dikwels op my knieë gedryf deur die oorweldigende sekerheid dat ek nêrens elders het om heen te gaan nie. My eie wysheid, en die van die mense rondom my, het onvoldoende gelyk vir die dag.***
– Abraham Lincoln

Ons Vader het al die **wysheid** wat ons nie het nie. Boonop het Hy ons baie **lief**.

**5. HY DWING NIE SY WIL AF NIE**

Hy dwing nie Sy wil af nie. Hy het byvoorbeeld **Adam en Eva en Kain** gewaarsku. Hy het gesê wat hulle *te wagte* kon wees indien hulle sy wil doen en indien hulle ongehoorsaam is. Toe het Hy hulle laat *begaan*. So het Jesus ook die **ryk jongman** toegelaat om bedroef van Hom af weg te gaan, al sou Hy wou gehad het dat Hy Hom volg.
Maar selfs al is dit ons **eie skuld** wanneer ons in die moeilikheid beland, is dit nie God se wil dat ons *verlore* moet gaan nie. Sy WIL is dan nog steeds om alles in ons lewe **ten goede** te laat meewerk (Rom 8:28). **Moord** is nooit God se wil nie, maar Hy het selfs DIT in die lewe van die moordenaar wat saam met Jesus gekruisig is ten goede laat meewerk toe hy op die laaste nippertjie gered is. Maar ons **kan nie sê** dat God het hom laat moord pleeg sodat hy saam met Jesus gekruisig kon word en so gered word nie. God wil dinge ten goede laat meewerk, al was dit **oorspronklik** nooit Sy wil dat daardie dinge moes gebeur nie.
Om te vra of die **vloede** van die afgelope tyd God se wil was, is myns insiens nie die regte vraag nie. Vra liewer *wat kan ons daaruit leer*? Elke krisis is 'n kursus.
Wanneer ons iets daaruit geleer het, het dit al klaar iets goeds meegebring! *"Dit is vir*

*my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek U voorskrifte geleer."* (Ps 119:71)
Om opreg te bid *"laat U wil geskied*", gee dus *moed* en *kalmte* en bring *afwagting*. Dit maak mens *opgewonde en nuuskierig.* Jy wonder oor die **vraag***:* Hoe gaan die Here in 2011 weer my en ons as gemeente **gebruik en vorm** tot Sy eer? Hoe gaan Hy hierdie of daardie t**erugslag** ten goede laat meewerk?

**6. WAT DIT VAN DIE BIDDER VRA**

God se wil geskied meestal **nie buite ons om** nie. Ons is **deel** van God se plan. Hy voer sy wil **deur ons** uit.
6.1 Dit beteken eerstens dat ons gebede nie **net uit praat** kan bestaan nie, maar dat ons ook sal **luister** na wat God oor Sy wil te sê het. Dit is iets anders as 'n **skietgebed**. Dit vra **tyd en stilte**. Ek moet my wil in lyn/pas bring met Syne. Dis soos wanneer jy 'n instrument soos 'n kitaar op 'n **klavier instem** totdat die twee in harmonie is met mekaar. Daar moet *fyn geluister* word sodat my wil al hoe meer met God s'n sal ooreenstem – dat ons twee *in harmonie* met mekaar sal werk.
**Bid asb saam** met ons dat ons as gemeente ook vanjaar 'n *gewillige en bruikbare instrument* ("**skerp potlood**") in God se hand sal wees; dat ons *ywerig besig* sal wees om Sy wil uit te voer, naby en ver. **Lidmate trek** elders heen en die gemeente word al hoe kleiner. Dis waar van al die Afrikaanse gemeentes in hierdie omgewing. Almal sukkel met **finansies**. *Wat is God se wil?* Ons sal vanjaar ernstig moet *soek en luister* na wat God sê.
6.2 Behalwe 'n LUISTERGELEENTHEID, maak dit tweedens van gebed ook 'n **toewydingsgeleentheid**, 'n tyd vir **oorgawe**. Wanneer jy bid dat God se wil moet geskied, bid jy eintlik **teen jouself.** Jy sê: *Moenie dat my wil geskied nie!* **Johannes** het dit raak gestel: *"Hy moet meer word en ek minder."* (Joh 3:30) **Jesus** het op die ou end gaan sit aan die regterhand van die Vader, maar Hy moes eers sy kruis opneem en sterwe. Wanneer ek bid, moet ek **ook bereid** wees om aan myself te sterwe. Ek weet immers ek sal ook eendag by God in sy heerlikheid wees. Niks wat ek ookal ter wille van Hom op aarde ly, sal daarteen kan opweeg nie (Rom 8:18).

6.3 Derdens is hierdie bede ook **nie die einde** van die storie nie. Wanneer ek dit klaar gebid het, sal ek my **aktief vir God se wil gaan beywer**. 'n Mens kan tog nie bid dat dit sal gebeur en self nie alles in jou vermoë doen daaromtrent nie! So 'n gebed is 'n **hernude verbintenis** tot die **roeping** wat ek van God ontvang het om Sy beeld te vertoon; die skepping te bewerk en te bewaak; Hom bo alles lief te hê en my naaste soos myself.

SLOT
Ja, die toekoms is onseker, maar solank ons vanjaar **binne die wil van ons hemelse Vader** gaan lewe, kan ons verseker wees dat **Sy genade in alle omstandighede vir ons genoeg** sal wees!

Amen
16/1/2011